# Randjienuus

## 26 Junie 2026



### DAMES ROLBALDAG

Van die eerste glas sjampanje tot die laaste prys - wat 'n ongelooflike dag!

Vriendskappe is versterk, nuwe herinneringe is gemaak en die rolbalbane was gevul met pret, lag en goeie geselskap.

Met Schalk Bezuidenhout as MC, was daar nie 'n tekort aan glimlagte nie!

Dankie aan almal wat deel was van hierdie spesiale dag en gehelp het om dit so suksesvol te maak. Dit is dae soos dié wat ons herinner hoe lekker dit is om saam te kuier, te lag en die lewe te geniet.

Die lat is nou hoog gelig, maar ons kan nie wag om volgende jaar weer saam te kom vir nóg meer pret, lag en rolbal nie!

Tot volgende jaar – ons tel reeds die dae af!









Seeff









# COMRADES

Die graad 12's het op 8 Junie vir **Thomas** 'n spesiale geskenk gegee om hom sterkte met sy 19de *Comrades Marathon* toe te wens. Thomas werk al baie jare by ons skool en glo vas dat sy prestasie by die *Comrades* direk met die matrieks se uitslae aan die einde van die jaar verband hou. Baie geluk, Thomas – om die *Comrades* in **8:31:03** klaar te maak, is 'n fantastiese prestasie. Geniet die trots en vreugde van hierdie groot mylpaal!




# AKADEMIE

## ROBOTIKA

Ná 'n maandlange eksamen het ons robotika-leerders op 20 Junie vier ure lank gekodeer, getoets en verfyn ter voorbereiding vir die Wêreld Robotolimpiade (WRO) kompetisies wat in Julie en Augustus voorlê.


**Hoërskool Randburg neem vanjaar aan drie vlakke van die WRO deel:**

- *Explorer Prime*
- *RoboMission Junior*
- *RoboMission Senior*





Dit was 'n oggend vol pret, probleemoplossing, spanwerk en innovasie — en die voorbereiding is nou behoorlik aan die gang!












# KULTUUR

## REDENAARS EN DANS

Ons Randjie Kultuur was behoorlik besig hierdie afgelope kwartaal! Baie geluk aan ons redenaars en dansers met julle puik prestasies – ons sien uit om julle hoogtes saam met julle te vier!

### REDENAARS

**Kiara neem aan die Interskole Redenaarsliga deel en behaal 96% vir haar Afrikaans Huistaal voorbereide toespraak.**

**Kiara neem aan die Radikale Redenaarskompetisie deel en behaal 'n A+ vir haar Afrikaans Huistaal toespraak.**



KIARA JORDAAN
GRAAD 8



REUBEN PELZER
GRAAD 9

**Reuben neem aan die Kansvatter Redenaarskompetisie deel en behaal 'n A++. Hy is ook dring tot die semi-finaal deur wat in die derde kwartaal plaasvind.**

**Reuben neem aan *SALA* se Redenaarsafdeling deel waar hy 94% toegeken is en ook tot die semi-finaal deurgedring het.**

**Carina neem aan die *Con Spirito* Eisteddfod deel en behaal 'n A+ vir haar Afrikaans Huistaal Voorbereide toespraak.**

**Carina neem aan die Interskool Redenaarsliga deel en behaal 88% vir haar Afrikaans Voorbereide toespraak.**



CARINA DU BRUYN
GRAAD 10

# DANS

**Ané neem aan die *ASA Champions Leaque Provincial* deel en behaal een 1ste plek, een 2de plek en een 6de plek.**

**Ané neem aan die *WLDF* kompetisie deel en behaal twee 1ste plekke, een 2de plek en een 5de plek.**



**ANÉ BIRKENSTOCK**
**GRAAD 9**



**MALEA AVIS**
**GRAAD 10**

**Malea is vir die tweede jaar uitgenooi om aan die *Young Performers Awards* in die semi-finaal van die *NEA* deel te neem.**

**Malea het aan die *Con Spirito* Eisteddfod deelgeneem en 'n A++ vir haar ballet-item behaal.**

**Malea neem ook aan die *World Dance Challenge* in Centurion deel en stap weg met 'n derde plek in die ballet afdeling.**

**Annabelle neem aan die *International Fine Arts Association* se *Dance Awards* deel en behaal vier goue toekennings vir haar items. Sy ontvang ook 'n trofee vir haar *Acro* item en is algeheel derde plek toegeken.**

**Annabelle het aan *Talent Africa* se streekskompetisie deelgeneem waar sy twee *High Gold* en een *Gold* toegeken is.**



**ANNABELLE KIRSTEIN**
**GRAAD 10**



**JANIQUE KRUGER**
**GRAAD 11**

**Janique neem aan die *Con Spirito* Eisteddfod deel en behaal ses A+++'e en is met al haar items as itemwenner aangewys.**
**Janique neem aan *ShowUp* deel en ontvang twee goue sertifikate vir haar *tap* en kontemporêre items. Sy dring tot die finale rondte deur.**
**Janique neem aan die *Dance Waves* kompetisie deel waar sy algeheel eerste plek vir haar liriese dans; algeheel tweede plek vir haar kontemporêre dans; algeheel vyfde plek vir haar *tap*-solo; tweede plek vir haar *jazz* en eerste plek vir haar *musical theatre* stuk behaal het.**

**Kara Behrens (gr. 10)** het op 29 tot 31 Mei aan SABOD se *World Qualifier* by die Roodepoort Teater, as deel van *DS Dance se Show Troupe*, deelgeneem. Sy verwerf **twee silwer medaljes** en kwalifiseer om later vanjaar aan die Nasionale Kampioenskappe deel te neem. SABOD is met SASCOC, die Olimpiese Komitee van Suid Afrika, geakkrediteer.

Kara het ook aan *DANCE International* in Centurion deelgeneem; vir haar *lyrical solo* verwerf sy 'n **Gold Award, 90-94,99%.** Haar *Jazz*-groep verwerf 'n *Ultimate Gold Award* met hul item, *Black Car* en die *Contemporary Group* verwerf ook 'n *Ultimate Gold award* met hul item, *Farsaken*. Aan die einde van die kompetisie word hulle *Jazz Item, Black Car*, as die **algehele wenner van alle groepe** in die kompetisie aangewys en *Forsaken* verwerf die **algehele derde plek**.










## VOORTREKKERS

Op Saterdag, 20 Junie het **Klipfontein Voortrekkers** by die Wits Planetarium besoek afgelê. Dit was baie leersaam en interessant.

**Randjie Voortrekkers was:**


- Jan-Johan van Aswegen
- Linda van der Walt
- Lize-Marie Raubenheimer
- Chanita Kruger
- Jacques van den Berg
- Stefan van der Walt









Randjie Voortrekkers van die Klipfontein Kommando het op 8 Junie 'n roetemars vir die **graad 8- en 9-verkenners** van Unika en Weltevrede aangebied. Dit was groot pret en 'n welkome blaaskans tydens die eksamentyd.



**Die Randjies wat deelgeneem het, was:**

- Bernard Burger
- Ethan Brown
- Stefan vd Walt
- Paul Scholtz
- Jacques vd Berg
- Emma Erasmus
- Annika Saaiman
- Lize-Marie Raubenheimer
- Larene Botha
- Caylee Lipnicki
- Chanita Kruger

Baie dankie aan almal wat deelgeneem en gehelp het om die dag 'n sukses te maak. Die roetemars was 'n uitstekende geleentheid vir kameraderie, avontuur en die uitleef van Voortrekkergees.





## FIETSRY

Die *Ford Trailseeker* reeks het tot 'n ware simbool van Suid-Afrikaanse bergfiets-uitnemendheid ontwikkel met roetes wat spesifiek ontwerp is om die beste in die sport te toets. Hoërskool Randburg se fietsryers het op 6 Junie aan die derde resies in die reeks by Van Gaalen, Hartebeespoort met uitmuntende prestasies deelgeneem.

**Evan Naudé (gr. 10), Reinhardt Strydom (gr. 11) en Ewald Eloff (gr. 11)** het aan die 40km-halfmaraton in die mansafdeling deelgeneem en **Kirstin Roos (gr. 10)** in die damesafdeling. Evan is die algehele wenner van die halfmaraton met 'n tyd van 01:33:05 – eerste in *Youth Men* **en** eerste algeheel uit 589 ryers. Baie geluk, **Evan**, met die uitmuntende prestasie.









Reinhardt Strydom was 16de in die *Junior Men* en 32ste algeheel vir die dag in die 40km-afstand met 589 ryers vir die 40km-halfmaraton.




**Ewald Eloff** het 32ste in die *Junior Men* afdeling gekom en **algeheel 70ste** uit 589 ryers vir die 40km-halfmaraton.




**Kirstin Roos** het met 'n pragtige prestasie van vyfde in *Youth Woman* en algeheel tiende uit die dames-halfmaraton van 96 ryers op die dag geëindig. Sy het behoorlik stof in 'n paar ryers se oë getrap; die dames ry dieselfde roete en tyd as die mans. Mooi so, Kirstin.





Die fietsryspan het op 13 Julie aan *Cycle Lab* se tweede wedren by Riversands Farm Village deelgeneem. Dit was 'n heerlike dag van goeie fietsry en sterk kompetisie.

## Ons uitslae was soos volg:

- **Evan Naudé** – Eerste plek (Hy **verwerf** ook die **geel** ***leaders jearsey*** en teken die vinnigste rondte in sy ouderdomsgroep aan.)
- **Kirstin Roos** – Agtste plek
- **Erik Breedt** – Tiende plek
- **Reinhardt Strydom** – 20ste plek

Altesaam het **16 ryers** Hoërskool Randburg met trots verteenwoordig. Elkeen van hulle het hul beste gegee, hard geveg en die skool se naam hoog gehou. Ons is ongelooflik trots op elkeen van hierdie ryers en sien uit na die volgende wedren!



# RUITERSPORT

**Mareli Wassermann (gr. 12)** en **Ilana van den Berg (gr. 11)** het op 6 en 7 Junie die studies gebalanseer met die vierde kwalifiserende rondte van SANESA, Wes-streek. Dit is wonderlik om te sien hoe ruiter en perd deur die maande ontwikkel het.



### Mareli Wassermann en 'Bluemoonrising'

- **Tweede plek** - *Dressage Freestyle – Prelim*
- **Derde plek** - *H1SJCL70cm CompetitionHr*
- **Sesde plek** - *H1SJCL70cm OtherHr*
- **Negende plek** - *Prix Caprilli – Beginner(a)*

### Ilana Van Den Berg en 'Twice as Special'

- **12e plek** – *H2SJCL80cm OtherHr*
- **13e plek** – *H2SJCL80cm CompetitionHr*

**Jana Hartzenberg (gr. 12)** het op 13 en 14 Junie by die vierde kwalifiserende rondte van SANESA, Ekurhuleni streek te Eaton Farm deelgeneem. Jou liefde en toewyding is 'n inspirasie! Ons is trots op jou, Jana!

### Jana Hartzenberg en 'African sunrise'

- **Sesde plek** - *Equitation 70cm H2EQCL.HR*
- **12e plek** - *Prix Caprilli Beginner H1PCCLbAll*

  'Kings Fort'
- **Sewende plek** - *Working Riding level 1 H1WRCL.All*
- **Negende plek** - *Dressage Novice H2DRCLbHr*
- **Tiende plek** - *Dressage Novice H2DRCLaHr*



Op 'n bitterkoue en grys naweek van 20 en 21 Junie het ons ruiters die laaste kwalifiserende rondte van SANESA by Kyalami *Equestrian Park* aangedurf. Ons is baie trots op julle toewyding en deursettingsvermoë. Ons hou duimvas vir die Gauteng distriksbyeenkoms op 18 en 19 Julie.

### Ilana Van Den Berg en 'Twice as Special'

- **Tweede plek** - *H2SJCL80cm CompetitionHr*
- **11e plek** - *H2SJCL80cm OtherHr*



### Mareli Wassermann en 'Bluemoonrising'

- **Vyfde plek** - *Dressage Freestyle – Prelim*
- **Negende plek** - *Prix Caprilli – Beginner(a)*
- **26e plek** - *H1SJCL70cm OtherHr*
- **27e plek** - *H1SJCL70cm CompetitionHr*

### Jana Hartzenberg en 'African sunrise'

- **Tiende plek** - *H2EQCL.Hr Equitation 70cm*







Baie geluk aan **Mareli Wassermann en 'Bluemoonrising'** wat gekwalifiseer het om Johannesburg op 18 en 19 Julie by die Gauteng distriksbyeenkoms te verteenwoordig. Ons is baie trots op jou. Sterkte met die voorbereiding tydens die vakansie.

- **A-span:** *Dressage Freestyle – Prelim*
- **B-span:** *Prix Caprilli – Beginner(a)*
- **C-span:** *H1SJCL70cm CompetitionHr*
- **Reserwe:** *H1SJCL70cm OtherHr*

**BAIE GELUK, MARELI!**






## GHOLF

**Franco Colin (gr. 11), Ruben van der Merwe (gr. 10), Wiid van Wyk (gr. 11) en Bion Meyer (gr. 9)** het op 21 Junie aan die SA Skole Gholf kwalifiserende ronde by Kayalami Gholfbaan deelgeneem. Die gholfers het, ongeag baie nat en koue weer, uitstekende gholf gespeel. Hoërskool Randburg eindig **derde** met BSI Gholf Kollege in die eerste plek en Transvalia in die tweede plek.





## KRIEKET

**Alyssa Edwards (gr. 10)** het op 20 Junie by die *Lions Awards ceremony Central Gauteng Lions Girls* onder 16-speler van die 2025/26-seisoen ontvang. Dit is omtrent 'n groot prestasie.






**BAIE GELUK, ALYSSA!**








## RUGBY

**Ruan Vorster en Christiaan Kemp (albei gr. 10)** het HS/Randburg by die **proewe** vir die Leeus o.16-span teen die Pumas in Middelburg verteenwoordig. Julle harde werk, toewyding en talent het hierdie geleentheid moontlik gemaak. Baie geluk.








LIONS

Baie geluk aan **Ruan Vorster** met sy **insluiting in die Goue Leeus o.16 Welpie-span**! Ons is ongelooflik trots op hierdie prestasie en wens jou alle sterkte toe vir die toernooi. **Geniet elke oomblik en dra die Leeus-kleure met trots**!

# Rugby-uitslae: Hoërskool Randburg vs Hoërskool Vryburg (6 Junie 2026)

'n Uitstekende dag op die rugbyveld vir Randburg!

| | | |
|---|---|---|
| • o.14A **wen** 40-0 | • o.15A **wen** 56-3 | • o.16A **wen** 48-7 |
| • Tweede span **wen** 60-3 | • Eerste span verloor 26-30 | |




# Rugby-uitslae: Hoërskool Randburg vs Hoërskool Riebeeckrand (12 Junie 2026)

Fantastiese uitslae op die rugbyveld vir Randburg!

| | | |
|---|---|---|
| • o.14A **wen** 55-5 | • o.14B **wen** 41-10 | • o.15A **wen** 17-7 |
| • o.15B **wen** 38-17 | • o.16A **wen** 21-17 | • o.16B **wen** 29-26 |
| • Derde span verloor 14-31 | • Tweede span **wen** 26-0 | • Eerste span **wen** 30-8 |

**Baie geluk aan al ons spelers en afrigters met hierdie uitstekende prestasie!**


























## HOKKIE

**Hokkiemylpale vir ons Randjies** - om mylpale vir Hoërskool Randburg se Eerste hokkiespanne te bereik, verg jare se toewyding, harde werk, deursettingsvermoë en liefde vir die spel. Hierdie prestasies getuig van die spelers se verbintenis tot hul span en skool.

### 100 WEDSTRYDE – EERSTE SPAN:

Baie geluk aan die volgende spelers wat die besonderse mylpaal van 100 wedstryde vir die Eerste span behaal het:

- Jessica Hechtor
- Chantal van der Bank
- Daniella Kitching
- Graeme Kitching
- Louw Geldenhuys
- Janrich Birkenstock
- Zivan Pruis



Julle passie vir hokkie, sportmanskap en volgehoue harde werk dien as inspirasie vir julle spanmaats en toekomstige spelers. Hierdie merkwaardige prestasie is 'n bewys van julle lojaliteit en bydrae tot Hoërskool Randburg se hokkie.

## 75 WEDSTRYDE




## 50 WEDSTRYDE




Ander groot hokkiemylpale:

- **Ethan van Damme** – 75 wedstryde
- **Ruben Jacobs** – 75 wedstryde
- **Kian Benade van Niekerk**– 75 wedstryde
- **Liam Peek** – 75 wedstryde
- **Beaulah du Plessis** - 75 wedstryde
- **Blake Minnaar** – 50 wedstryde
- **Wyatt Bekker** – 50 wedstryde



Die trots waarmee julle die Randjie-kleure dra, is merkwaardig. Mag daar nog baie suksesvolle wedstryde en onvergeetlike herinneringe voorlê!

# *Graetz liga* eindrondes – resultate:

Baie geluk aan al ons spanne wat aan die *Graetz Liga* eindrondes deelgeneem het. Hier is die finale uitslae. Baie geluk aan al ons spelers en afrigters met hul harde werk, deursettingsvermoë en sportmangees deur die toernooi.

### o.14-seuns – Derde plek

- Verloor 0-1 teen Curro Aurora
- Verloor 0-7 teen Steyn City
- **Wen** 1-0 teen Kempton Park

### o.15A-dogters – Derde plek

- Verloor 1-2 teen Curro Aurora (na 8 sekondes)
- **Wen** 4-0 teen St Peter's
- Verloor 0-3 teen Kempton Park

### o.16A-dogters – Vierde plek

- Verloor 0-4 teen Redhill
- **Wen** 2-0 teen St Peter's
- Verloor 0-1 teen Kempton Park (na 8 sekondes)

### o.16-seuns – Vierde plek

- Speel 1-1 **gelykop** teen Bryanston en verloor 1-3 ná 8 sekondes
- Verloor 0-2 teen Randpark
- Speel 0-0 **gelykop** teen Kempton Park en verloor 0-2 ná 8 sekondes

'n Spesiale gelukwensing aan **Mikayla Rossouw**, wat as **speler van die toernooi aangewys is.**



### Eerste Span-dogters – Derde plek

- **Wen** 1-0 teen Fourways High
- Speel 0-0 **gelykop** teen Dainfern College en verloor 0-1 ná 8 sekondes
- Verloor 0-4 teen Kempton Park

### Eerste Span-seuns – Tweede plek

- Verloor 0-1 teen Redhill
- Speel 1-1 **gelykop** teen Randpark en **wen** 3-2 ná 8 sekondes
- Speel 0-0 **gelykop** teen Kempton Park en **wen** 1-2 ná 8 sekondes











Bravo!

## Eerste span-dogters 2026

## Eerste span-seuns 2026

Bravo!



## Hokkie teen HeronBridge – Uitslae:

**SEUNS**

- o.14A verloor 0-1 teen HeronBridge se o.15A-span
- o.16A **wen** 3-2 teen HeronBridge se tweedes
- Eerstes **wen** 3-1 teen HeronBridge se Eerstes

**DOGTERS**

- Eerstes speel **gelykop** 0-0 teen HeronBridge se Eerstes

Baie geluk aan ons spelers met hul wedstryde teen HeronBridge.





# NOORDVAAL-UITSPELE

### Seuns – Kwartfinaal: Wesrand / *Central Boys*:

Onder 14-seuns eindig **eerste** in hul afdeling. **Kwalifiseer outomaties vir die semi-finaal**.
Onder 16-seuns **gelykop 1-1** teen Hoërskool Monument. **Wen 3-2** ná die 8-sekonde uitspeelrondte. Kwalifiseer vir die volgende rondte.
Eerste span-seuns **wen** oortuigend 7-0 teen Kings School West Rand.

### Dogters – *Central League Finals*:

Onder 14-dogters – verloor 0-1 teen Northcliff High. Eindig sesde in die liga.
Onder 15-dogters – verloor 0-3 teen Dr. Malan. Eindig **tweede** in die liga. Kwalifiseer vir die Noordvaal-groot A-toernooi.
Onder 16-dogters – **Wen** 2-0 teen Northcliff High. Eindig vyfde in die liga.

Baie geluk aan al ons hokkiespelers en afrigters met hul harde werk en puik prestasies. **'n Spesiale gelukwensing aan die o. 14-seuns wat reeds na die semi-finaal deurgedring het en die o. 15-dogters wat vir die Noordvaal groot A-toernooi gekwalifiseer het.**



# SES HOKKIESPANNE GAAN NOORDVAAL-KAMPIOENSKAPPE TOE



### *West/Central* finaal uitslae:

Onder 14-seuns **wen** 3–2 teen Hoërskool Noordheuwel. Hulle eindig **derde** en kwalifiseer vir die **Noordvaal-B-bond**.
Onder 16-seuns verloor 0–4 teen Krugersdorp High School. Hulle eindig **vierde** en kwalifiseer vir die **Noordvaal-B-bond**.
Eerste span-seuns verloor 1–6 teen Krugersdorp High School. Hulle eindig **vierde** en kwalifiseer vir die **Noordvaal-B-bond**.
Ons is ook baie trots om aan te kondig dat **drie** van ons vier **dogterspanne vir Noordvaal gekwalifiseer het:**

Onder 14-dogters – **Noordvaal-medium-bond**
Onder 15-dogters – **Noordvaal-groot A-bond**
Onder 16-dogters – **Noordvaal-medium-bond**



**’n Totaal van ses spanne het vir Noordvaal 2026 gekwalifiseer!** Baie geluk aan al ons spelers en afrigters met hierdie uitstekende prestasie. **Julle harde werk, toewyding en spangees maak ons ongelooflik trots .**





# JOMO-NETBALKAMPIOENSKAPPE - 5 & 6 JUNIE

Baie geluk aan al ons netbalspelers en afrigters met uitstekende prestasies by die JOMO-netbalkampioenskappe! **Hiermee die uitslae:**

## ONDER 14

- **Gelykop** teen Linden: 8–8
- **Wen** teen Reddam Bedfordview: 11–8
- Verloor teen Northcliff: 5–10
- **Wen** teen Redhill: 12–0
- **Wen** teen Bekker: 13–5
- Verloor teen St Stithians: 8–11

Eindig **derde** en kwalifiseer vir die Gauteng Kampioenskappe.

## ONDER 16




- **Wen** teen Linden: 15–12
- **Wen** teen Kings: 19–3
- **Wen** teen St Stithians: 12–6
- **Wen** teen Noordheuwel: 11–9
- **Wen** teen Trinity: 20–10

Eindig **eerste** en kwalifiseer vir die Gauteng Kampioenskappe.

## ONDER 17

- **Wen** teen Krugersdorp High School: 13–8
- **Wen** teen Redhill: 11–7
- **Wen** teen Bekker: 17–3
- **Wen** teen Linden: 10–9
- Verloor teen St Stithians: 6–8
- **Gelykop** teen Rand Park: 10–10



Eindig **tweede** en kwalifiseer vir die Gauteng Kampioenskappe.

## EERSTE SPAN

- **Wen** teen Alma Mater: 26–9
- **Wen** teen Linden: 24–23
- Verloor teen Reddam Waterfall: 11–20
- Verloor teen Northcliff: 21–24
- Verloor teen Reddam Bedfordview: 19–23

Hoewel die span nie hierdie keer vir die Gauteng Kampioenskappe gekwalifiseer het nie, het hulle sterk teen taai opposisie meegeding.

Baie geluk aan ons **o.14-, o.16- en o.17-spanne** wat vir die Gauteng Kampioenskappe gekwalifiseer het! Drie spanne deur na Gauteng is 'n uitstekende prestasie waarop die hele skool trots kan wees.



# GAUTENG-KAMPIOENSKAPPE - 15 EN 16 JUNIE

Ons **o. 14-, o. 16- en o. 17-netbalspanne** het op 15 en 16 Junie aan die Gauteng-kampioenskappe deelgeneem. Baie geluk aan al ons spelers en afrigters met hul harde werk en deursettingsvermoë! Baie geluk aan al drie spanne met hul deelname en uitstekende verteenwoordiging van die skool. **Spesiale gelukwense aan ons o. 16-span met hul top vier posisie en kwalifisering vir die SA's.** Ons is ongelooflik trots op julle!

## ONDER 14

**Groepwedstryde:**

- Wen 22-2 teen Minerva
- Verloor 9–10 teen Randpark
- Verloor 4-9 teen Eldoraigne
- Wen 16-4 teen Khutlo Thato
- Wen 16-15 teen Montana
- Wen 16-11 teen Dinamika

Die span eindig gelyk **tweede in hul groep** op punte saam met Dinamika, maar skuif na derde plek op doelegemiddeld.

**Uitspeelrondes:**

- Kwart-finaal: gelykop teen Dr Malan; verloor 7–9 ná ekstra tyd
- Semi-finaal: wen Monnas 15–5
- Finaal vir posisie 13 en 14: verloor teen Linden 13–15 - eindig 14de algeheel.



## ONDER 16

**Groepwedstryde:**

- Verloor 12-22 teen Helpmekaar
- Wen 14-10 teen Marais Viljoen
- Wen 23-7 teen Tiisetsong
- Wen 26-6 teen Chipa Thabane
- Wen 14-6 teen Waterkloof
- Wen 16-11 teen Garsfontein

Die span **eindig tweede in hul groep**.

**Uitspeelrondes:**

- Kwart-finaal: **wen** 18-13 teen Dinamika
- Semifinaal: verloor 10-20 teen Menlopark
- Finaal vir derde en vierde plek: verloor 14-18 teen Helpmekaar

Eindig vierde algeheel en kwalifiseer vir die SA-kampioenskappe!

SASN SCHOOLS NETBALL



## ONDER 17

**Groepwedstryde:**

- Verloor 8-21 teen Volkskool
- Wen 15-11 teen Leeuwenhof
- Verloor 7-14 teen Monnas
- Wen 16-9 teen Maisibenze
- Verloor 6-34 teen Affies
- Verloor 6-14 teen Job Rathebe

Die span eindig vyfde in hul groep.

**Uitspeelrondes:**

- Kwart-finaal: verloor 10-15 teen Khutlo Thato
- Semi-finaal: **wen** 14-10 teen EG Jansen
- Finaal vir posisie 21 en 22: **wen** 17-11 teen Thatulwazi



Eindig 21ste algeheel.



# KLEREBANK

**Die Klerebank sal op Woensdagmiddae van 12:30 tot 14:15** oop wees vir enige leerder of ouer wat klere wil koop. Ondersteunersdrag is ook by die klerebank beskikbaar. Ons rig graag 'n versoek aan alle ouers en oud-leerders om asseblief skoolklere wat nie meer gebruik word nie, veral skoolbaadjies, aan die klerebank te skenk.

**LO-Klere en sweetpakke <u>slegs</u> by skool beskikbaar en nie by verskaffers nie!** Ons versoek dat ouers nie die klerebank buite hierdie ure besoek nie. Indien daar 'n noodgeval is, skakel die skool en maak dan 'n afspraak met me. Lorainne Marx in die boekwinkel. Sy kan nie elke ouer in die klerebank help nie, aangesien sy ander werk het om te doen. Hou dus asseblief by die tye!

TYE – 12:30 TOT 14:15 (WOENSDAGMIDDAE)

Kaartbetalings alleenlik na 14:00




# RANDJIE GEBEDSWAG

**(Randjie-ouers & -onnies wat bid)**

Dit is in ons Hemelse Vader se wil dat ons deur gebed en danksegging ons behoeftes aan Hom bekend maak. Bid saam met ons Donderdae-oggende vanaf **07:30 tot 8:30** in SAU, Jackie se kantoor. As dit nie vir u moontlik is om saam met ons te bid nie, maar u wil deel vorm van ons bidgroep, kan u **Jackie Krüger** by **083 651 8172** skakel. Ons het 'n *WhatsApp*-groep waarop gebedsversoeke geplaas word.



**CSV**
**Donderdae, 07:30 tot 08:30 in SAU. Almal is welkom!**



# PARKERING

Ouers moet asseblief nie by die skoolterrein inry om leerders af te laai nie – stop asseblief in die parkeerruimtes in die dienspad. U word ook versoek om nie die dienspad te versper om leerders **'gou-gou'** op te laai nie.

Fietse parkeer by die matriekparkering. Daar is geen koste daaraan verbonde nie, maar ons stel voor dat jy asseblief jou eie slot en ketting voorsien, aangesien ons geen verantwoordelikheid kan aanvaar nie.

Motors & motorfietse parkeer by die matriekparkering. Die koste vir parkering is **R150 per kwartaal.** **<u>Prosedure</u>:** Jy betaal by die finanskantoor met jou registrasienommer. Die kostes vir die hekkontrole is **R250.00** en wanneer dit weer ingehandig, word **R200.00** terugbetaal.



**<u>Algemene reëls vir parkering:</u>**

1. Die hek maak outomaties toe, moet asseblief nie die kontrole herhaaldelik druk nie.
2. Geen vinnige wegtrek (*spin*) of uitermatige hoë revolusies van voertuie of motorfietse word toegelaat nie.
3. Indien jy nie by bogenoemde reëls hou nie, sal parkering, sonder terugbetaling, geweier word.
4. Betaal asseblief eers voordat jy van die parkering gebruik maak.
5. Parkering aan die noordekant (afdak T10 en T11) en aan die suidekant (by die musieksentrum) word vir personeel gereserveer.

# ADVERTENSIES

**NEEM ASSEBLIEF KENNIS DAT HOËRSKOOL RANDBURG GEEN VERANTWOORDELIKHEID OF AANSPREEKLIKHEID VIR ADVERTENSIES AANVAAR NIE.**







coolideas

YOUR FIBRE GUY

ADS


# LA COURONNE DENTAL CARE

Is **verstandtande, draadjies** of **Invisalign** in jou toekoms?

## Ons bied:

- **Verstandtand-verwyderings** in stoel of teater
- **Draadjies** vir reguit tande
- **Deursigtige belyners** b.v. **Invisalign** vir reguit tande





**Bel ons vandag** om jou afspraak te maak:

**011 792 2555**



Whatsapp: 079 412 9156
168 Oak Avenue, Robin Acres, Randburg
info@lacouronnedental.com : www.lacouronnedental.com


C&C BARNARD
BIOKINETICISTS
14 Aimee Street, Moret, Randburg, 2161
CJ: 072 495 1636 / Chardoné: 083 609 8222
www.ccbio.co.za
Services
• Evaluation (Orthopaedic, clinical, wellness)
• Rehabilitation (Orthopaedic, clinical, wellness)
• Conditioning & weight loss
• High performance training
• Fitness assessment
• Body composition
• Sports injuries & joint pain
150m from Hs Randburg


CEDAR
SOLAR
Sny jou kragrekening met sonkrag – Kry 'n GRATIS
ENERGIE OUDIT
GRATIS
OUDIT
Vind uit hoeveel jy kan bespaar met 'n pasgemaakte sonkragoplossing – geen koste, geen verpligting.
Cedar Solar is gebaseer in Honeydew
Vinnige, lokale ondersteuning in JHB
15 Jaar in die industrie
Gekwalifiseerde In-Huis Tegnikusse
Goedgekeur by Groot Banke
SCOUT
WhatsApp 060 893 2996 om 'n terreinbesoek te bespreek.
Google rating
4.7
Besoek Ons Vorige Projekte Aanlyn
www.cedarsolar.com
Cedar Solar - 011 794 4664 - info@cedarsolar.com - Unit 8 Cranberry Industrial Park, Honeydew, 2170. T& C's Apply.


Wiskunde en
WETENSKAP
HULPBRONNE
Flitskaarte (Definisies, Verbindings en Ione)
Teorieboek
Vraestelle
MATH
Alles wat jy nodig het om 'n
SUKSES van jou studies te maak!
Teen 'n Koste van:
R370!!
www.wenwetenskap.co.za


Granny B's B&B
Come for Biscuits,
stay for Belly Rubs
079 043 7234
Big private garden
Reliable care
Individual attention
Nose-tastic snuggles
No other dogs, just yours
Yummy company
Lots of belly rubs and biscuits
Granny B
R100 per night
R100 long walk 5km
R50 short walk 2km
Price is per dog
Bring own food
And leashes
In the Randburg area


Private tutoring
Reinforcement classes for grade 10 - 12, CAPS curriculum in Afrikaans
Economics
History
English/Afrikaans HL
(Depending on novel, play and poems)
Maths Literacy
Enquire
danem.privatetutoring@gmail.com


TEENAGE
DEEP CLEANSING FACIAL
R445
HEALTHY SKIN,
GLOWING SKIN,
BOOK TODAY!
079 514 7087

NOORDELIKE
HELPMEKAAR
STUDIEFONDS

ONS HELP MET JOU STUDIELENING

# Bekostigbare STUDIELENINGS vir TERSIêRE ONDERRIG in Suid-Afrika

## NHS BIED DIE VOLGENDE:

### Tydens die studietydperk

- R80 000 per jaar vir die volle tydperk
- Prima minus 3 % rentekoers
- Slegs rente word maandeliks betaal

### Na die studietydperk

Na voltooiing van studie word kapitaal plus rente teen die primakoers betaal.

- Lener kry 2 jaar vir elke jaar van lening om terug te betaal
- Tydens internskap of gemeenskapsdiens betaal lener slegs rente teen Prima minus 3 %.

## KONTAK ONS

(011) 782 9160

admin@nhsfonds.co.za

noordelikehelpmekaarstudiefonds.org


the backyard
ON KESSEL
Looking for a beautiful
VERSATILE SPACE
FOR MATRIC FAREWELL
pre-drinks and photos,
look no further than
the backyard on Kessel.
Matric 2026
MATRIC FAREWELL
packages available
INCLUDES:
2 BOTTLES OF BUBBLY
2 SNACK PLATTERS
BEAUTIFUL BALLOON ARCH SET UP
BACKDROP WITH LOVELY ATMOSPHERE FOR A SMALL GET TOGETHER BEFORE THE BIG EVENT
PROFESSIONAL PHOTOGRAPHER INCLUDED TO CAPTURE THIS SPECIAL EVENT
TO ENQUIRE PLEASE REACH OUT TO
078 041 2476


Y O U T H
Youth Month:
Empowering and protecting today's youth!
Parents, guardians, educators, and communities all have an important role to play in teaching young people how to stay safe and respond appropriately in difficult situations.
We offer the following safety tips for Youth Month:
• Monitor your child or teenager's social media activity to help protect them from online predators, scams, and bullying
• Educate young people about the dangers associated with drugs and substance abuse
• Promote a zero-tolerance approach to violence, bullying, and drug use
• Ensure children and teenagers know who to contact in the event of an emergency
• Discourage the carrying of any weapons or dangerous objects
• Encourage open and honest communication so young people feel comfortable reporting abuse, threats, or unsafe situations.
This Youth Month, let us all play a meaningful role in empowering young people to make informed decisions, stay safe, and contribute positively to the future of South Africa.
FIDELITY
ADT
Emergency numbers:
JHB: 086 12 12 400
PTA: 086 12 12 500


HOËRSKOOL RANDBURG
SLAGGEREED
Wees deel van 'n dag vol sport, netwerke en gemeenskapsgees!
PUTJIE BORGE GEVRA
Borg 'n putjie teen
R5000
per putjie
'n Direkte bydrae tot die sukses van Randburg Masters 2026 en die ontwikkeling van ons leerders.
Randburg Masters 2026
29 Julie 2026 | Randpark Gholfbaan
BESPREEK NOU JOU PUTJIE!
Kontak ons vandag:
Michelle van Niekerk
Michelle.vanniekerk@hsrandburg.co.za


Ads

# JULIE 2026

| Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag | Saterdag | Sondag |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| | | Netball All Ages<br>Seunskrieket<br>Merenskytoer o/15<br>Seunskrieket<br>Penryntoer o/14 | Netball All Ages<br>Seunskrieket<br>Merenskytoer o/15<br>Seunskrieket<br>Penryntoer o/14 | Netball All Ages<br>Seunskrieket<br>Merenskytoer o/15 | | Netbal TNC |
| 6 | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| Netbal TNC | Netbal TNC | Netbal TNC | Netbal TNC | Netbal TNC | | |
| 13 | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| | Dogters Gholftoernooi<br>Affies | Dogters Gholftoernooi<br>Affies | Dogters Gholftoernooi<br>Affies | **Koortoer**<br>Skiet N Gauteng Ope<br>Rugby o/14 Oefenkamp (HS Bekker) | **Koortoer**<br>Skiet N Gauteng Ope<br>Rugby o/14 Oefenkamp (HS Bekker) | **Koortoer** |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 | 26 |
| **Koortoer** | **Skool begin**<br>**Koortoer**<br>Gr 12. FW Verlengde skool | Robotika 14:00<br>**Koortoer** | | Netbal SASN DSTV EG Jansen (w)<br>**Vakveranderinge Sluit** | **Rugby Liga Finaal**<br>Netbal SASN DSTV EG Jansen (w)<br>**Koor: Gimmie naweek & HS koorfees FGK** | **Koor: Gimmie naweek (t)**<br>Rugby Liga finaal |
| 27 | 28 | 29 | 30 | 31 | | |
| Admaths Gr 8-12<br>Gr.12 Wisk Verlengde skool<br>Afspraak Oueraand 17:00 | Koor: Weltevreden Koorfees<br>Gr 12. FW Verlengde skool<br>**Netheidskontrole**<br>Gholf Wesrand Liga (CMR) | **HSRB Gholfdag**<br>Robotika 14:00<br>Tienertoneel Allegretto (Springs) | **Vakkeuse Oueraand**<br>Skiet GSSU liga 4 H/S Florida | RNA<br>Netbal SASN DSTV EG Jansen (w)<br>Skiet GSSU liga 4 H/S Florida<br>Robotika kompetisie (Curro Aurora) | | |